**Afrikaans translation of Archbishop Slattery's Letter for Phase II**

## Inleiding tot Fase II

## Inleiding

Ses weke gelede met die viering van die Pase, het ons die lyding en opstanding van Jesus in herinnering geroep. Vandag vier ons die Pinksterfees. Hierdie fees herinner ons aan die neerdaling van die Heilige Gees op die apostels wat uit vrees vir die Jode in die bokamer skuiling gaan soek het. Met die koms van die Heilige Gees, nadat hulle as 't ware aan die brand gesteek is met die kragdadigheid en wysheid van die Heilige Gees, het die apostels met hul lewenstaak begin, naamlik die verkondiging van verlossing in die naam Jesus die Here. Tereg word na Pinkster as die geboortedag van die Kerk verwys.

## Wat is die kerk?

Twee temas kom na vore. Die eerste is die Kerk self wat uit die Heilige Gees gebore is en wat uit die prediking van die apostels voortvloei. Wat is die aard van die Kerk? Dit is die tema vir Fase II van ons Interbisdomlike-konsultasie. Daar is verskeie maniere waarop die vraag beantwoord kan word, byvoorbeeld daar kan gesê word dat die Kerk die profetiese stem van die Here, of die stem van die stemloses is. Pous Pius XII het dit die Mistieke Liggaam van Christus genoem.

## Die Kerk bestaan om die Evangelie te verkondig

Die Vatikaanse Konsilie en later Pous Paulus VI en Pous Johannes Paulus II het beklemtoon dat die Kerk evangelisties van aard is. Die Kerk bestaan om die Evangelie te verkondig. Die rede vir die bestaan van die Kerk is dat dit die werk van Jesus in die wêreld moet voortsit. Die Kerk is die instrument van verlossing in sover dit leer dat Jesus die Here is en dat deur sy verlossende lewe en dood ons met ons Vader in die Hemel versoen word.

## Wie is die Kerk?

Wie moet die sending van Jesus voortsit? Die Kerk bestaan uit alle gedoopte persone. Deur ons doop word ons geroep en uitgestuur om getuies van Jesus in ons lewens te wees. Ons word instrumente van verlossing van ander deur ons getuienis van Jesus in ons lewens. Daarby saam is ons die Kerk. Ons almal geniet hierdie voorreg en verantwoordelikheid om sendelinge te wees – om dié persone te wees wat van Jesus getuig. In die verlede is daar geglo dat evangelisasie of getuienis van Jesus in ons lewens slegs die werk van priesters is. Nee, almal is geroepe. Ons doen dinge net ánders. Elkeen

van ons het ons eie deel van die wingerd. Dink aan die gelykenis van die grondbesitter en die arbeiders in die wingerd. Almal is geroepe.

**Hoe getuig ons?**

Dit bring my by die tweede punt. Hoe kan ons van ons geloof in Jesus as Here en Verlosser getuig? Ons weet hoe die apostels dit in hulle tyd gedoen het. Hulle het uitgegaan en gepreek vir wie ook al bereid was om te luister. Hulle het evangelies geskryf om mense van Jesus te vertel. Hulle het briewe geskryf om mense aan te moedig om rigting in hul lewens te kry deur die uitoefening van hul geloof. Hulle het moeilikhede en gevare aan die mense uitgewys.

Dit is grootliks dieselfde vandag. Ons het ook die Gees ontvang. Die Gees het aan elkeen van ons gawes geskenk wat ons help om van ons geloof te getuig, byvoorbeeld ons kan getuig deur ons barmhartigheid aan ander te bewys, of hulle siek, huisloos of wat ook al is. Ons het selfs organisasies en groepe waar mense kan aansluit as hulle hul liefde wil bewys, nes diegene doen wat met verwerpte kinders werk Maar almal het gawes ontvang. Ons is begaafd, nie slegs vir ons eie ontwil nie maar ook vir dié van ander. Ons bou die Koninkryk van God deur verhoudings tussen mense te bou.

Fase II, wat handel oor die aard van die Kerk, gaan eintlik oor ons. Is ons mense wat vir Jesus werk? Gee ons uiting aan die krag van Heilige Gees in ons lewens? Heers daar ’n atmosfeer van die liefde van God in die familiekring? Is daar respek en verdraagsaamheid? Is daar in die werkplek, of waar ons ons ook al bevind, ’n belewenis van vrede en kalmte wat slegs toegeskryf kan word aan die wete dat Jesus Here van ons lewens is? Gee ons Jesus die eerste plek in ons harte of skuif ons Hom opsy?

**Nuwe Hoop en Nuwe Lewens**

Die boodskap van Paastyd was een van Hoop en die boodskap van Pinkster een van Nuwe Lewe. Gedurende Fase II wil ons besin oor die nuwe lewe wat aan ons geskenk is. As Katolieke is ons geroepe tot ’n lewe wat op Jesus en sy leer gesentreer is. Ons wil ons opnuut verbind aan die waardes en denkwyses wat deel is van ons Katolieke identiteit. Ons wil ons voorneme versterk om geloofwaardige getuies te wees van die geloof wat van die apostels afkomstig is. Ons wil opstaan en gereken word onder diegene wat Jesus as Here erken.

’n Reeks bepeinsinge is in voorbereiding en sal binnekort beskikbaar wees. Die reeks mik na individue, groepe and sodaliteite, Susters and Broeders, Klein-Christengemeenskappe and buurtgroepe. Kortom, almal. My bede is dat die bepeinsinge van Fase II almal sal aanspoor om daagliks daardie klein oomblikke en geleenthede om van die Here te getuig aan te gryp.